Gereformeerde Kerk Benoni

Rom12:2

28 Maart 2010

Lees: Efes 6 : 10-24

Teks: Efes 6 : 13

Tema: ... met die wapenrusting van God

Sb 20-2 : 7

O Vader, laat u liefde ons blyk;

o Seun, maak ons u beeld gelyk;

o Gees, send u vertroosting neer;

Drie-eenge God, U sy al d'eer!

Groetseën

Ontmoetingsdiens

Ps 66 : 1, 4 (bl 323) - Staan

Juig, almal op die aarde, roem Hom;
sing, alle mense, tot Gods eer;
bring, die verering wat Hom toekom;
U werke wek ontsag, o Heer.
Voor u gesag breek alle teenstand
en voor u mag moet almal buig;
voor U, o Heer, kruip elke vyand;
voor U moet almal sing en juig.

Ps 66 : 1, 4 (bl 323) - Staan

Ek bring my offers na u huis toe
wat ek in nood belowe het;
toe ek U roep, het U geluister;
ek was opreg in my gebed.
Kom, almal, hoor van my verlossing,
hoor, dienaars van die Here, hoor:
Hom wil ek met 'n loflied toesing,
my smekinge het Hy verhoor.

Woord- en Gebedsdiens

Lees: Efes 6 : 10-24

Teks: Efes 6 : 13

Tema:
... met die wapenrusting van God

Ef 6:10 Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.
11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.
12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.
13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

14 Bly dan op julle pos, toegerus met die
waarheid as gordel om julle heupe, die
vryspraak deur God as borsharnas,
15 en die bereidheid om die evangelie van
vrede te verkondig as skoene aan die
voete.
16 Daarby moet julle altyd geloof as skild
in die hand hê, want daarmee sal julle al
die brandpyle van die Bose kan afweer.
17 Sit verlossing as helm op en vat die
swaard van die Gees, dit is die woord van
God.
18 Doen dit alles biddend en smeek God
by elke geleentheid deur die Gees. Wees
waaksaam en bid gedurig vir al die
gelowiges.

19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.
20 Ter wille van hierdie evangelie is ek ‘n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.
21 Tigikus, die medegelowige wat ek baie lief het, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen.

Teks: Efes 6 : 13

Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

Tema:

... met die wapenrusting van God

<u>Ps 31 : 3</u> (bl 143) - Sit

U is my eewge rots, o HERE!
Diep in u veil'ge sy
sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere,
tot ek die net verby is
wat voor my voet gesprei is.

Woord- en Gebedsdiens

Antwoorddiens

Kollekte:

Diens van Barmhartigheid

Antwoorddiens

Sb 14-3 : 3, 4 - Staan

Staan altyd onbeweeglik vas,

omgord met waarheid, onbevrees;

geregtigheid as borsharnas

- laat Woorddiens julle skoene wees!

As skild neem die geloof

om brandpyl uit te doof,

verlossing om te weer,

om vir die kop te keer.

En neem die Woordswaard van die Gees.

Sb 14-3 : 3, 4 - Staan

Stry altyd biddend deur die Gees,
terwyl jul God van harte smeek.
Volhard en laat jul bede wees
vir heiliges in elke streek.
En bid dat God se Woord
gepreek word soos dit hoort,
geheimenisse soet
vrymoedig en met moed
nou kragtig uit my boeie breek!

Wegstuurseën

&

Amen

Gereformeerde
Kerk Benoni

28 Maart 2010